



NICANOR 50 WP



Reg. No. L 6583 Act / Wet 36 / 1947

A wettable powder post-emergence herbicide for the control of annual broadleaf weeds as listed in wheat and barley in the winter rainfall areas as well as for the control of *Eucalyptus* stumps, American bramble, *Chromolaena* and Bracken fern in conservation areas and pastures.

'n Benatbare poeier na-opkomonkruidodder vir die beheer van eenjarige breëblaaronkruide soos aangedui in koring en gars in die winterreënvalgebiede asook die beheer van *Eucalyptus* stompe, Amerikaanse braam, *Chromolaena* en Adelaarsvaring in bewaringsgebiede en weidings.

ACTIVE INGREDIENT:

metsulfuron-methyl (sulfonylurea)

500 g / kg

AKTIEWE BESTANDEEL:

metsulfuron-metiel (sulfonielureum)

CONTENT / INHOUD

.....g

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER

MAKHTESHIM-AGAN SA (PTY) LTD

Reg. No. 92/01741/07

21 Viben Street

Po Box 498

BRACKENFELL

7560

Batch number
Date of manufacture

Lotnommer
Datum van vervaardiging

UN. No: 3077



GROUP IV

Green colour band

WARNINGS:

- * Store in a cool, dry place away from food and feed.
- * The product may be irritating to eyes, nose, throat and skin.
- * Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- * Where lengthy cold and wet periods after application prevail, yellowing of the leaves of the crop plants and even temporarily retarded growth may occur.
- * To prevent damage to the crop the dosage rate should not be exceeded and the recommended application timing should be adhered to.

* **Aerial application:**

Notify all the inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate water or adjacent areas.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weeds against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal of for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS:

- Do not eat, drink or smoke while handling the product or before washing hands and face.
- Avoid contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
- Do not inhale dust, wear rubber gloves and face shield while mixing.
- Avoid skin contact.
- Wash contaminated clothing after use with soap and water.
- Avoid spray drift onto susceptible crops, rivers, dams and areas not under treatment.
- To avoid damage to susceptible crops, the applicator and mixing tanks must be cleaned out immediately after use as follows:
 - Drain the system completely.
 - Flush system with clean water and spray wash water out on treated field.
 - Drain system again.
 - Fill tank to approximately 25 % of its capacity and add 1,0 ℓ sodium hypochlorite (5,2 % solution) to every 200 ℓ water.
 - Circulate the solution through the spray system for at least 10 minutes.
 - Spray solution through nozzles for at least 1 minute.
 - Drain the system.
 - Rinse the spray system with clean water to remove traces of the bleaching agent.
 - Destroy empty container and never re-use for any other purpose.

Occurrence of resistance:

The continuous use of herbicides which have the same mode of action, and are used in the same area, might lead to the selection of resistant weed species in a natural occurring weed population. Because these resistant species are not controlled effectively, it will propagate and eventually dominate the weed population. A weed species is resistant to a herbicide if it survives a treatment which was carried out correctly at the recommended dosage rate and application timing. Resistance of certain weed species against the sulfonyl-ureas has been confirmed. It is important to note that if a weed species is resistant to one sulfonyl-urea it will be resistant to all the sulfonyl-urea herbicides.

To avoid the development of resistance against **NICANOR 50 WP**, it should be alternated with products with a different mode of action or by using it in a mixture with a non-related product.

Since it is not possible to detect a resistant weed species before application of **NICANOR 50 WP**, MAKHTESHIM-AGAN SA (PTY) LTD does not accept any responsibility for non-performance or any losses that may result from the application of **NICANOR 50 WP** to resistant weed species.

Use restrictions:

Wheat and Barley:

- No other crop except wheat, barley and oats should be planted within 10 months in any area treated with **NICANOR 50 WP**. Wheat can be planted within one month and barley and oats can be planted within six months after a **NICANOR 50 WP** application.
- Soils with a pH (water) of 7,0 and more, or soils that contain free lime can result in longer residual activity which may cause damage to follow-on crops.
- **NICANOR 50 WP** has a limited residual activity in the soil on germinating weeds.
- **NICANOR 50 WP** must not be applied to cereals undersown with legumes.
- Do not apply **NICANOR 50 WP** to cereals under stress caused by heat, drought, water logging, disease, insect damage, nutrient deficiencies, etc.
- Unused spray mixtures must never be kept overnight.

Conservation areas and Pastures:

- No crop should be planted within 10 months after the last **NICANOR 50 WP** application.
- Unused spray mixture should under no circumstances be kept overnight.
- Use only high quality water with a pH of not more than 7,0. It is recommended to use a suitable buffer solution to rectify the water pH should it be more than 7,0.

DIRECTIONS FOR USE: Use only as indicated.

General:

NICANOR 50 WP must be applied post-emergence of the crop and weeds. The crop and the weeds should not have been developed beyond the 3 - 5 leaf stage at time of application in wheat, barley and oats.

Best control will be obtained when weeds are growing actively.

A suitable adjuvant must be added to the spray mixture as recommended in the application tables.

Mixing instructions:

- Half fill the spray tank with clean water.
- Mix the required amount of **NICANOR 50 WP** separately in a small amount of water and add to the spray tank while agitating.
- Flush the mixing container thoroughly and add rinsings to tank.
- Fill the tank with clean water while agitating.
- Add the required volume of adjuvant and ensure thorough mixing by agitating the contents of the spray tank.
- Prepare only sufficient spray mixture for immediate use.

Application:

1. Wheat and Barley:

1.1 Ground application:

Application can be done by any medium or high volume tractor mounted boom sprayer which is fitted with an efficient agitator and which is capable to deliver an even distribution over the target area.

The applicator must be correctly calibrated to deliver at least 200 ℓ spray mixture / ha.

Avoid overlapping of spray swaths.

1.2 Aerial application:

NICANOR 50 WP can be applied aurally provided the spray material is distributed evenly over the target area and that spray drift is limited to a minimum. To achieve this, the following conditions must be adhered to:

- Use a conventional boom fitted with flat fan nozzles, eg. SS 6515 or similar.
- A minimum of 30 ℓ spray mixture / ha must be applied.
- A minimum of 30 - 45 droplets / cm² must be recovered on the target area.
- A droplet spectrum with a VMD of 350 micron must be used.
- A flying height of 3 m above the target area should be maintained at wind speeds of 0 - 8 km / h and 2 m at wind speeds of 8 - 15 km / h. Stop spraying when wind speed exceeds 15 km / h.

- The difference between the readings of the wet and dry bulbs, as determined by a whirling hygrometer should not exceed 8 °C.
- Do not spray during the heat of the day.
- Ensure that the fields to be sprayed are accurately marked.
- It is essential to get an assurance from the spray operator that all above mentioned conditions will be adhered to.

2. Conservation areas and Pastures:

Apply as a full cover spray on actively growing plants. Ensure thorough wetting of all plant parts to the point of run-off. Avoid run-off onto the soil.

Application can be done by knapsack sprayer or any other suitable sprayer fitted with a solid cone nozzle and operated at a constant pressure of 200 - 250 kPa. Do not spray over desired plants and trees.

Avoid spray drift onto trees or leaves or any other part of desired plants.

It is essential that a suitable adjuvant based on a mineral soil should be used.

Application rates of NICANOR 50 WP:

CROP	DOSAGE RATE g / ha	REMARKS
Wheat and Barley Ground and aerial application Winter rainfall area only.	Ground application: 4,0 g - 5,0 g + 0,01 % spreader Aerial application: 4,0 g - 5,0 g + 0,05 % spreader	Apply NICANOR 50 WP as a post-emergence spray when weeds and crop are growing actively. At application, the crop should be in the 4 - 5 leaf stage. Apply the higher rate where <i>Emex</i> , <i>Fumaria</i> and <i>Raphanus</i> are a problem or where weed growth stage exceeds the 3 leaf stage or where soil moisture conditions are deteriorating.

Conservation areas and Pastures:

TARGET SPECIE	DOSAGE RATE	REMARKS
<i>Eucalyptus coppice</i> (<i>E. grandis</i>)	96 g / 100 ℓ water + 500 ml mineral oil adjuvant / 100 ℓ spray mixture.	Apply to actively growing coppice between 0,5 - 2,0 m high. Do not apply when plants are subjected to stress conditions e.g. low temperatures, drought, etc. Ensure thorough wetting of all plant parts, but avoid run-off onto the soil. Should re-growth occur, it should be treated by a spot spray application.
<i>Eucalytus cut stump</i> (<i>E. grandis</i>)	216 g / 100 ℓ water + 500 ml mineral oil adjuvant / 100 ℓ spray mixture.	A directed application to the cambium layer of the stumps should be made directly after felling but definitely within two hours. Efficacy will be reduced if application is made more than two hours after felling. Apply 15 - 20 ml spray mixture for every 10 cm stump diameter measured at ground level. For multistem trees a minimum of 15 ml spray mixture must be used for every 10 cm stem diameter. A knapsack sprayer or dosing gun can be used for application. Avoid run-off onto the soil.
American bramble (<i>Rubus cuneifolius</i>)	30 g / 100 ℓ water + 500 ml mineral oil adjuvant / 100 ℓ spray mixture.	Apply to the leaves and canes of actively growing plants during the latter part of summer. A follow-up spot treatment might be necessary for up to three years after the initial treatment. Application can be done by knapsack or any other suitable applicator.
Triffid weed (<i>Chromolaena odorata</i>)	30 g / 100 ℓ water + 500 ml mineral oil adjuvant / 100 ℓ spray mixture.	Apply to actively growing plants during summer. At treatment, plants should not be higher than 0,5 - 0,75 m. Taller plants should be slashed and when the re-growth reaches a height of 0,5 - 0,75 m it should be sprayed. Application can be done by knapsack or any other suitable applicator. If re-growth occurs it can be controlled by spot spraying.
Bracken fern (<i>Pteridium aquilinum</i>)	24 g / 100 ℓ water + 500 ml mineral oil adjuvant / 100 ℓ spray mixture.	Apply to the fronds of actively growing plants towards the end of summer. Application can be done by knapsack or any other suitable applicator. Should re-growth occur, it can be controlled by spot spraying.

WAARSKUWINGS:

- * Bewaar in 'n koel, droë plek weg van voedsel en voer.
- * Die produk mag irriterend wees vir oë, neus, keel en vel.
- * Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- * Waar langdurige koue en nat toestande na toediening voorkom, mag tydelike vergeling van die blare van die gewas of selfs tydelike verdwering daarvan, voorkom.
- * Om moontlike beskadiging van die gewas te voorkom, moet die toedieningshoeveelheid nie oorskry word nie. Daar moet ook by die voorgeskrewe toedieningstyd gehou word.

* **Lugtoediening:**

Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor water of aangrensende gebiede spuit of die spuitnewel toelaat om dit te besoedel nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Moet nie eet, drink of rook tydens hantering van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Vermy inaseming van stof, dra rubberhandskoene en gesigskerm tydens vermening.
- Vermy kontak met die vel.
- Was besoedelde klere na gebruik met seep en water.
- Verhoed oorwaai van spuitnewel na gevoelige gewasse, riviere, damme en gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Om skade aan gevoelige gewasse te voorkom, moet die spuit- en mengtenk onmiddellik na gebruik soos volg skoongemaak word:
 - Dreineer die hele spuitsisteam.
 - Vul die spuitsisteam met skoon water en spuit oor die behandelde land uit.
 - Dreineer die spuitsisteam weer.
 - Vul die spuittenk tot ongeveer 25 % van die kapasiteit.
 - Voeg 1,0 ℓ natriumphochloriet (5,2 % oplossing) by vir elke 200 ℓ water.

- Sirkuleer die oplossing deur die sisteem vir ten minste 10 minute.
- Spuit die oplossing deur die spuitpunte vir ongeveer 1 minuut.
- Dreineer die sisteem.
- Spoel die spuitsisteem met skoon water uit om al die reste van die bleikmiddel uit te was.
- Vernietig die leë houer en moet dit vir geen ander doel gebruik nie.

Voorkoms van weerstandbiedendheid:

Die aanhoudende gebruik van onkruidodders wat dieselfde wyse van werking het, mag tot die seleksie van weerstandbiedende onkruidspesies in 'n natuurlike onkruidpopulasie lei. Omdat hierdie weerstandbiedende onkruidspesies nie doeltreffend beheer word nie, vermeerder hulle vinnig wat aanleiding gee tot dominante spesies. 'n Onkruidspesie kan as weerstandbiedend beskou word as dit 'n behandeling wat op die regte wyse uitgevoer is, waar die regte toedieningshoeveelheid en toedieningstyd toegepas is, oorleef. Weerstandbiedendheid van sekere onkruidspesies teen die sulfonielureums is bevestig.

Dit is baie belangrik om daarop te let dat as 'n onkruidspesie weerstandbiedend is teen een sulfonielureum-onkruidoder, dit weerstandbiedend sal wees teen alle sulfonielureums.

Om die ontwikkeling van weerstandbiedende onkruid teen **NICANOR 50 WP** te verhoed, moet 'n onkruidoder met 'n ander wyse van werking daarmee afgewissel word of dit moet in 'n mengsel met 'n nie-verwante middel gebruik word.

Aangesien dit onmoontlik is om te bepaal of 'n onkruidspesie weerstandbiedend gaan wees voordat **NICANOR 50 WP** toegedien word, aanvaar MAKHTESHIM-AGAN SA(PTY) LTD geen verantwoordelikheid vir enige verliese of skade wat mag ontstaan as gevolg van weerstandbiedendheid van onkruidspesies teen **NICANOR 50 WP** nie.

Gebruiksbeperkings:

Koring en Gars:

- Geen ander gewas behalwe koring, gars en hawer moet binne 10 maande op enige grond wat met **NICANOR 50 WP** behandel is, geplant word nie. Koring kan binne een maand en gars en hawer kan binne ses maande na 'n **NICANOR 50 WP** toediening, aangeplant word.
- Gronde wat 'n pH (water) van 7,0 of meer het, of waar vry kalk voorkom, kan tot gevolg hê dat 'n langer grondresiduele werking mag voorkom wat opvolgewasse kan beskadig.
- **NICANOR 50 WP** het 'n beperkte nawerking in die grond op ontkiemende onkruid.
- **NICANOR 50 WP** moet nie in kleingraan, ondersaai met peulgewasse, toegedien word nie.
- **NICANOR 50 WP** moet nie in kleingrane wat aan stremmingstoestande, soos wat veroorsaak word deur hitte, droogte, versuipingstoestande, plaë, insekskade, voedingstekorte, ens, onderhewig is, toegedien word nie.
- Ongebruikte spuitmengsels moet nooit oornag laat staan word nie.

Bewaringsgebiede en weiveld:

- Geen ander gewas moet binne 10 maande na die laaste toediening van **NICANOR 50 WP**, aangeplant word nie.
- Ongebruikte spuitmengsel moet onder geen omstandighede oornag laat staan word nie.
- Gebruik slegs water van 'n hoë kwaliteit met 'n pH van nie meer as 7,0 nie. Daar word aanbeveel om van 'n geskikte buffer gebruik te maak om die pH reg te stel indien dit meer as 7,0 is.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

Algemeen:

NICANOR 50 WP moet na-opkom van die gewas en onkruid toegedien word. In koring, gars en hawer moet die gewas en die onkruid nie verder as die 3 - 5 blaarstadium ontwikkel het tydens toediening nie.

Die beste beheer sal verkry word wanneer onkruid aktief groei.

'n Geskikte hulpmiddel moet gebruik word soos aanbeveel in die toedieningstabelle.

Menginstruksies:

- Maak die spuittenk halfvol met skoon water.
- Meng die benodigde hoeveelheid **NICANOR 50 WP** apart in 'n klein hoeveelheid water en voeg in die tenk terwyl geroer word.
- Spoel die menghouer deeglik uit en voeg die spoelwater in die tenk.
- Maak die tenk vol met skoon water terwyl geroer word.
- Voeg die benodigde hoeveelheid hulpmiddel in die tenk terwyl geroer word.
- Maak net genoeg spuitmengsel aan vir onmiddellike gebruik.

Toediening:

1. Koring en gars:

1.1 Grondtoediening:

NICANOR 50 WP kan met enige medium- of hoëvolume trekker gemonteerde spuit toegedien word wat met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus is en wat in staat is om goeie bedekking te verseker en 'n eweredige verspreiding sal lewer.

Die toediener moet korrek gekalibreer wees en in staat wees om ten minste 200 ℓ spuitmengsel / ha te lewer.

Verhoed dat spuitbane oorvleuel.

1.2 Lugtoediening:

NICANOR 50 WP kan deur middel van lugbespuiting toegedien word mits die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word en wegdrywing van die spuitnewel tot 'n minimum beperk word. Om aan hierdie vereistes te voldoen moet die volgende voorwaardes nagekom word:

- Gebruik 'n konvensionele spuitbalk toegerus met platwaaierspuitpunte soos bv.SS 6515 of soortgelyk.
- 'n Minimum van 30 ℓ spuitmengsel / ha moet toegedien word.
- 'n Minimum van 30 - 45 druppels / cm² moet op die teikengebied herwin word.
- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 350 mikron moet gebruik word.
- 'n Vlieghoogte van 3 m bokant die teikengebied moet gehandhaaf word by windsnelhede van 0 - 8 km / u en 2 m by windsnelhede van 8 - 15 km / u. Bespuiting moet gestaak word as windsnelhede 15 km / u oorskry.
- Die verskil tussen die lesings van die nat- en droëboltermometer, soos bepaal deur 'n swaaihigrometer moet nie 8 °C oorskry nie.
- Moet nie gedurende die hitte van die dag spuit nie.
- Maak seker dat die lande wat bespuit gaan word akkuraat gemerk is.
- Dit is noodsaaklik om versekering van die spuitoperator te verkry dat aan bogenoemde voorwaardes voldoen sal word.

2. Bewaringsgebiede en weiveld:

Dien toe as 'n volle dekbespuiting op aktiefgroeiende plante. Verseker dat alle plantdele deeglik benat word tot by die punt van afloop. Verhoed afloop tot op die grond.

Toediening kan deur middel van 'n rugsakspuit of enige ander geskikte spuitapparaat wat toegerus is met 'n soliede keëlspuitpunt, toegedien word. Handhaaf 'n konstante druk van tussen 200 en 250 kPa.

Moet nie oor gewenste plante en bome spuit nie. Vermyn oorwaai van spuitnewel na blare en ander dele van gewenste plante. Dit is noodsaaklik dat 'n geskikte hulpmiddel wat op 'n minerale olie gebaseer is, tydens bespuiting gebruik word.

Toedieningshoeveelhede van NICANOR 50 WP:

GEWAS	DOSIS g / ha	OPMERKINGS
Koring en gars Grond- en Lugtoediening Slegs winterreënvalgebied	Grondtoediening: 4,0 g - 5,0 g + 0,01 % verspreidingsmiddel Lugtoediening: 4,0 g - 5,0 g + 0,05 % verspreidingsmiddel	Dien NICANOR 50 WP toe as 'n na-opkombespuiting as die onkruid en die gewas aktief groei. Tydens toediening moet die gewas in die 3 - 5-blaarstadium wees. Dien die hoër dosis toe waar <i>Emex</i> , <i>Fumaria</i> en <i>Raphanus</i> 'n probleem is of waar die onkruidstadium die 3-blaarstadium oorskry of waar grondvogtoestande versleg.

Bewaringsgebiede en weiveld:

TEIKENSPEISIE	DOSIS	OPMERKINGS
<i>Eucalyptus</i> hergroei (<i>E. grandis</i>)	96 g / 100 ℓ water + 500 ml minerale olie hulpmiddel / 100 ℓ spuitmengsel.	Dien toe op aktiefgroeïende hergroei tussen 0,5 - 2,0 m hoog. Moet nie toedien as hergroei onderhewig is aan stremmingstoestande veroorsaak deur koue, droogte, ens., nie. Verseker dat alle plantdele deeglik benat word, sonder enige afloop op die grond. Indien hergroei voorkom, moet dit d.m.v 'n kolbespuiting beheer word.
<i>Eucalyptus</i> gesaagde stompe (<i>E. grandis</i>)	216 g / 100 ℓ water + 500 ml minerale olie hulpmiddel / 100 ℓ spuitmengsel.	'n Gerigte bespuiting moet op die kambium van die afgesaagde stomp gemaak word. Toediening moet verkieslik onmiddellik gedoen word maar definitief binne twee uur na boom afgesaag is. Dien 15 - 20 ml spuitmengsel toe vir elke 10 cm stamdeursnee, soos op die grondoppervlak gemeet. In die geval van meerstammige bome moet 15 ml spuitmengsel vir elke 10 cm stamdeursnee soos op grondoppervlak gemeet, toegedien word. 'n Rugsak- of doseerspuit kan vir hierdie doel gebruik word. Verhoed afloop tot op die grond.
Amerikaanse braam (<i>Rubus cuneifolius</i>)	30 g / 100 ℓ water + 500 ml minerale olie hulpmiddel / 100 ℓ spuitmengsel.	Dien toe op die blare en lote van aktiefgroeïende plante in die laatsomer. 'n Opvolg kolbespuiting kan tot drie jaar na die aanvanklike bespuiting nodig wees indien hergroei voorkom. 'n Rugsakspuit of enige ander geskikte toediener ge kan gebruik word vir die toediening.
<i>Chromolaena</i> (<i>Chromolaena odorata</i>)	30 g / 100 ℓ water + 500 ml minerale olie hulpmiddel / 100 ℓ spuitmengsel.	Dien gedurende die somermaande op aktiefgroeïende plante toe. Die plante moet tydens toediening nie hoër as 0,5 - 0,75 m wees nie. Groter plante moet eers afgekap en die hergroei toegelaat word om 'n hoogte van 0,5 - 0,75 m te bereik voor toediening gemaak word. Toediening kan d.m.v. 'n rugsakspuit of enige ander geskikte toediener gemaak word. Indien hergroei voorkom, kan dit deur kolbespuiting beheer word.
Adelaarsvaring (<i>Pteridium aquilinum</i>)	24 g / 100 ℓ water + 500 ml minerale olie hulpmiddel / 100 ℓ spuitmengsel.	Dien toe op die blare van aktiefgroeïende plante in die laatsomer. Toediening kan d.m.v 'n rugsakspuit of enige ander geskikte toedieningsapparaat gemaak word. Indien hergroei voorkom kan dit beheer word d.m.v van 'n kolbespuiting.

**WEEDS CONTROLLED IN CEREALS / ONKRUIDE WAT IN KLEINGRAAN
BEHEER WORD:**

Botanical name / Botaniese naam	Common name	Gewone naam
<i>Anagallis arvensis</i>	Pimpernel	Pimpernel
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot	Withondebossie
<i>Emex australis</i> *	Spiny Emex	Kaapse dubbeltjie
<i>Fumaria muralis</i> *	Fumitory	Duiwekerwel
<i>Oxalis latifolia</i> *	Red garden sorrel	Rooituinsuring
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Wild radish	Ramenas
<i>Stellaria media</i>	Chickweed	Sterremuur

* Weeds suppressed / Onkruidе wat onderdruk word.

April 2001